vroeg terug wees om rugby te luister. Ek het ook die skedule met Hennie. Rob verbied ons nou om amateur-werk op die R7301 te doen, dog het my genoeg tyd om met my stil te raak. Ek is ontsettend bly daaroor en is baie dankbaar hiervoor.

Tot-dus-ver lekker slaap, en ek wens jou 'n baie aangename naweek toe.

Saterdag 20 Desember 1969

Vanmôre het ek net na 11 daarem opgestaan. Ek het toe 'n uitwendige ondersoek van Jurden gedoen (Die wind het 20 knope gewaai en ons nie buite toe nie) Hy het 'n skedelbreuk l. kant van sy kop, nek ? af en sy l. heupbeen is gebreek, en beide bo-arms natuurlik, asook die been net onder sy l. oog en regte deel van sy neus. Baie skaafwonde natuurlik. Dit lyk of hy sy hande nog gestamp het en toe op sy l. skouer en kop en sy gesig het. Hy moes op slag dood gewees het.

Daarna ek het toe 'n rek pluimbal gespeel, en het ek met Hennie gewerk. Oom Herman was ook op, en later Fanie (ZS1AL) sy Goudini op vakansie. Die kontak was goed, en het ons gesels tot amper 5 uur (Kaap 2:30!).

Intussen het Barry, Schalk en Pete vir 1½ uur met die honde gaan ry. Die weer het intussen goed verbeter. Ek was toe ook buite en 'n paar fotos geneem.

Na ete het ons begin reg maak om Afrika te sien. Rob het intussen begin om een van sy en my films te ontwikkel. Pete, Barry en Schalk het begin om reg te maak om met die honde Otterbukta toe te gaan en domme uit te trek. Dit is 7 km weg, en het 11:30 nm daar aangekom. Ek het 12 middag met hul gesels, die tent het toe al gestaan, die honde uitgespan, en was hul besig om koffie te drink voor hul van domme uittrek. Môre wil hul die honde op die baaiys

nêrens 'n na ander bakkasgaan kyk.
Ek sal nie môre saam met Rob en Clive gaan as hul gaan dromme oplaai nie, dog wil die lykskouing probeer doen om dit agter die rug te kry.
Vandag het ek baie na die see en jou verlang!
Na - lekker-slaap, ingeniet die res van die naweek.

Sondag 21 Desember 1969.
Vandag is dit midsomer by ons, m.a.w. vanmag 12 mid-dag was die son op sy hoogste, en begin dit van nou af rak.
Ek was nie baie bedrywig vandag nie. Het na 11 opgestaan, en toe begin om die lykskouing te kon. Gister het ontsettende erge kopbeserings, en nekbeserings. Daardie lykreuk bly die hele tyd in my neus uit. Die aartappels (Dried Potatoes) ruik vir my ook net so. Ek het die verwarmers afgesit, en sal hom later gaan was, en sy ging vir die ouens wys wat belangstel.
Hennie was nie vanmiddag op nie, en het ek maar omgesels, en water vir ontwikkeling gemaak.
Na ete het ek begin kleur ontwikkel. Parry, Schalk en Peter het toe teruggekeer. En ekstra natuurlik omdat hul 2 pikkewyne (Keiser) op die baai gevind het, terwyl hul met die hondeslee op die baai-ys was. Toe was dit vir jou 'n ~~kleur~~ filmontwikkeling soos nog nooit tevore nie. Ongelukkig het hul nie mooi sonskyn gehad nie.
Die weer was dieselfde as gister. Dit bly so mooi warm en stil, dog die wolke bedek alles. Ek wil graag fotos neem (S/W) dog kan nie, omdat die son nie skyn nie.
Toe is ek nie na die amateurbande geluister, en 'n brief vir jou getik.
Die plan is om môre 6:30 vm (!!!) dromme by die bakkas te gaan haal, en dit is naar


al 1:15 vm.

Ek sal maar goeie nag sê, en mens jou 'n aangename en voorspoedige werkweek toe.

## Maandag 22 Desember 1964

Henry het my vanmôre 7:15 vm bene wakker maak, en vertel dat daar 'n baie vreemde en eienaardige halo's om die son is. Ek het toe opgestaan, en buitentoe gegaan.

Dit was opgetrek, met ysnaalde wat in 'n 20 knope wind vanaf oos waai. Die hele besigheid was pragtig, en het as volg gelyk.




helder kol met halo oor.

Verder oor die hemel was daar groot ringe, wat helder was, en selfs lig reënboogkleurig.

Die verskynsel het nie lank aangehou nie, en gou was dit weer heeltemal bewolk, en het die jagsneeu weer begin opkom. Ons kon toe nie buite toe gaan nie. Ek het 35/w negatiewe van my geneem, en begin afdrukke maak. Later ook van Barry se pikkewyn negatiewe so 'n paar. Ek het toe Gordon se beige negatiewe geneem, 'n klompie uitgesoek, en afdrukke gemaak tot amper 6 vm.

Voor ek begin ontwikkel het, het ek Spider gaan was - in 'n laken toegedraai, en in sy slaapsak gesit. Hy begin ontdooi, met 'n baie onaangename reuk. Ons sal hom seker môre in die hondetonnel plaas.

Na aandete het ek toe die laaste personeelnavorsingstoets gedoen, en die maandelikse

monsters geneem.
Na dit het ek twee kleurfilms ontwikkel, en die monsters verwerk. Ek was met al die dinge besig tot amper 2 vm.
Môre is die plan om weer Rukka toe te gaan om drommels te gaan haal. Clive sal ons vroeg kom wakker maak. Ek het werklik 'n lang en besige dag gehad, en is nou moeg en vaak. Môre is ek nog skrywe ook.
Lekker slaap.

Dinsdag 23 Des. 1969.
As ek nie nou skryf, raak ek agter en sal nie kan goed weergee hoe ek werklik voel oor vandag nie. Dit is nou 3 vm., en ek het belowe om saam met Henry môre-oggend 5 vm. Rukka toe te gaan om sa na Bekkerwyer-baais te soek. Ek het so-pas klaar gebad, en voel heerlik skoon, en verlang huis. Vol van Schalk se aantygings, "crushed wheat" ("Nie" natuurlik). Later en ek het sy brood baie goed vanaand ingevry. Dit het ontsettende skoon versoens agtergekom het, sien plaasvervaardigde brood. Hy het vanaand begin om 5 gl. daarvan te bron vir die tyd voor oorname.
Vandag was weer een van daardie absoluut fantastiese dae – en een van die mees indrukwekkendste wat ek nog op Kanaal beleve het.
Vanmore 8:15 het Clive my kom wakker maak, en net na 9 is ons weg Rukka toe ~~[illegible]~~ Rob en ~~[illegible]~~ Johan in Desirée, en Schalk, Clive en ek in Athene. Die weer was dieselfde as gister, dog daar het 'n 5-wind gewaai.
Ons het die drieblomme gelaai, en met spanning die weer dopgehou, soos dit die volle getiedelik W-gewaai het. Die oop blouberg

in die Suid het stadigaan groter geword.

Ons het afgegaan buite toe, en was van plan om net 'n klein entjie op die baai-ys te loop om te kyk of ons pikkewyne kry.

Schalk het vooruit geloop - en ons het toe geloop tot naas die baai-ys teen die see eindig. Intussen het die wolke al hoe meer N. gedryf. Daar was toe 3 Keiser pikkewyne, en later 5. Ons het ook twee Adelies gesien. Hulle het vêr oor uit die see op die baai-ys gespring, en soos hul nuuskierige natuur is, nader na ons geloop. Ons het heelwat fotos geneem.

Die wolke het skielik verdwyn, en was dit pragtig oop. My films was beperk omdat ek onvoorbereid gegaan het, dog het by Schalk 2 kleurfilms leen kry. Toe het ons wat geraak - pikkewyne, baaiys, en omtrent 12 ysberge vêr oos van ons. Dit was 'n fantastiese gesig om te sien.

Ons het toe via die O. rand teruggeloop. Die rand het 'n groot klip wat oorhang, a.g.v. die ysgeneen. Dit is warm teen die rand, en as 'n mens stilstaan kan jy hoor hoe die water smelt, en afdrup. Dit gaan soos reën, met lang stalagtiete wat afhang, en is pragtig.

Baie moeg het ons na 7 by die basis gekom. Na ete het Rob ons kleurfilms van vandag begin ontwikkel, en ons almal het ons s/w ~~afgeneem~~ ontwikkel. Die negatiewe lyk heel goed.

Intussen moes ek nog al my skriwerspligte doen ook. Ons het toe van Schalk se bier begin drink, en begin om Kersversierings op te hang. Radio S.A. (Oom Hennie Maas) het vir ons 'n hele band opgeneem van ~~Dee~~ Kersliedere in Duits. Ons het dit gespeel, en toe was ek daarem "home-sick"


So, my slaaptyd voor en sê ek nag, en ek verlang b- a- i- e.

Woensdag 24 Desember 1969.

Gelukkig het Steenkamp my eers 7:15 vm. kom wakker maak – en was hy 3 maal by my voor ek eers teen volle wakker [illegible] opgestaan het. Hy moes het na aantrek-jie gemaak, ek was baie deur die onweer het ek goed geval. Hy en ek is toe – in heftige rookwolke [illegible] 5. wind [illegible] toe.

Ons het toe begin grawe om lekkergoed te kry wat die Noorweërs in 1957 gelos het. Natuurlik gaan hom het nie die plek kry nie, en Steenkamp het (Hanse VII) was die laaste groep wat daar was. Daar was 'n plek gemerk, en het ons besluit om daar te grawe. Na 7/4 uur se werk, en 9 vt se grawe het ons op die kas afgekom. Daarvandaan is die ingang nog 20 vt.

Die plek is groot, en nog baie mooi. Dit lyk werklik splinternuut, van [illegible] hout gemaak, met netjiese houtwerk. Dit lyk naastenby so volg.







Daar is niks in die plek nie, behalwe slegs 5 plat, lang sitbanke. Daar is heelwat sakke – [illegible] in die radio-kantoor, 'n lange in die woonkwartiere by die O. deur, mooi kombuis kas, en sakke in die spens. Die vloer van die woonvertrek bestaan uit 'n parket. In die middel is dit ongeveer 2 vt opgedreun. Die vensters en deure is mooi, en dit lyk sommer 'n lekker "cosy" plek.

Vir Steenkamp is dit 'n groot morele aanwinning

dat hy die plek gekry het. Naas 9 hr. het ons die ingang gesoek en kon dit nie kry nie. Die Dept. het ook reeds al 10 of so naamborde die plek gestuur: Ons wil nou daar 'n bus in die slag sit, en so kleef, hoeveel mediese hoes uit. Wat tyd natuurlik.

Die wind het effe opgekom, en Henry en ek het die skulsteg nie toe in die son gedraai, en lekker gelag. Tegnies soos op 'n winter-Sondagmiddag as die son skyn, en jy met jou Sondagklere teen die Tygerberg uit en slag was.

Hy en ek het toe begin die drome uittrek aan die #5 kant. Ons het 34 drome uitgetrek, toe Schalk, Peter en Phil met die honde daar aankom — 12 middag. Hulle sou 9 vm by die basis vertrek het, dog moes nog wat opvang vanaf die S.A.U.K. Dit sou oor die nuus om 9 kom (Phillip en Peter se onderhoud môre-aand oor 'n Engelse program.

Hulle het ons die res van drome help uittrek, en oplaai.

Met die honde is ons toe op die baai-op, en het gery tot naby ons gister was. Jong die honde werk pragtig. Op party plekke is die opper. ontwikkeld rag, en op ander plekke is die dunkruinvere hoog, dog niks hier het nie.

Daar het ons hul toe ge-anker, en daar het ( Museum-pikkewyn aangekom. Dit was toe weer 'n foto-paradys. Ek het Gerda se kamera geneem, en gebruik dit nou.

Ons het 7 nm by die basis aangekom, en die honde na ons die sleë afgelaai het. Hulle het, volgens Schalk, weer baie goed gewerk.

Ek het 'n lekker goed na ete gedoen — kos uitsit, + afwas o.a.

Peter het my S/W vir my ontwikkel.

Na 11:30 het Henry my kom roep en gesê

dat daar reënboë op die golwe is. Die son is amper reg bo en so vanaf weerskante loop daar 'n reënboog na jou oog toe. Die fantastiese beelde, dog mooi indrukwekkend. Dit is a.g.v. die hoek van die son, en die blink golwe. Natuurlik toe weer fotogeneem.

Nou ja — ek is die hele dag in my gees by julle en verlang lekker baie. Môre is 'n lang Indiadag, dog meer môre.

Ek is nou nog na net en gees. Dit is 12 uur en my oproep sal sowat 1e deurkom 9 vm. Ek gaan slaap soos 'n klip — en ek wonder hoe ek gaan wakker word.

Dit was of vandag weer met een woord fantasties.

Lekker slaap.

Donderdag 25 Des 1964.

Wel, Kersfees is toe hier, en het ons 'n wit Kersfees. Die weer was soos gister absoluut perfek.

Die telefoongesprek was gladnie wonderlik nie. Later het dit verbeter. Dries het gesê dat as die oproep nie goed is nie, ek dit later kan oorkry. Dit sou egter te laat aangekom het, en sou juis nie betyds vir ete by Tannie Hannie gewees het nie. Ek was bly dat ek ook so 'n woordjie met my Ma kon gesels, en Kersgroete oordra. Ek het aan jou dit oorgedra, en sal dus nie nou nie.

Na die oproep het ons maar rondgeënt, en die kombuis verder versier. Die groepe het tot 2 nm. aangehou.

Ons het 2 nm 'n kort kontak met Chris-hulle gehad. Oor Radio R.S.A. was daar baie boodskappe. Nie my van my Ma, Ouma, Hein + Henriette en hul Sparrikies. Van jou was daar toe weer geen nie.

Ek wonder wat van al die boodskappe word. Miskien adresseer jy dit verkeerd.

Ek het toe ook die sked met Hennie en ons Herman gehou, en sommer lekker gesels. Ek moet sê dat ek vandag werklik heme-siek was.

Met ete was ons almal, behalwe Dries weer, teenwoordig. Niemand het hul eintlik aan hom gesteur nie, en hom uitgelos.

Ons het almal pakke aangetrek, en by kerslig heerlik aan Clive se ~~ka~~ vark ge-eet. Ek kon die ete nie juis geniet nie, want ek het 'n baie erge diarree van só 4 skielik ontwikkel, en kon toe nie baie eet nie.

Ons het vanaf 10-11 met Chris-hulle weer gesels, en sommer baie nonsens gepraat. Ons sked met Gough-hulle het a.g.v. swak kontak deur die mat geval. Vir 'n rukkie kon ons hul hoor, dog het hul gou verloor. Chris-hulle was darem ook op frekwensie, maar vir hulle kan ons gewoonlik nie hoor nie.

Na ete het ons weer Matari geniet, en toe so 'n bietjie gedrink, en Henry, Peter, Perry en ek is toe uit en het vir 'n lang ruk met die honde gaan speel.

Ek is eers 3 vm. bed toe.

Net voor ete het 'n blik gekondenseerde melk (1 van 3) wat ek gekook het ontplof, Clive het toe die primus afgeskakel – die water het intussen drooggekook. Pieter kyk toe – na 'n lang ruk – in die kastrol, en net toe ontplof ~~die~~ 'n tweede blik. Hy het redelik erg en ey geniq gebrand – hoofsaaklik aan die l. kant, en moes ek hom eers behandel.

Wel, so het Kersfees en nog 'n dag

ten einde geloop. Radio Nederland het toe nie 'n herhaling van hul program gehad nie, en is ons baie jammer dat ons dit gemis het.
Lekker slaap.

Vrydag 26 Des. 1969

Vandag net aanmekaar roes tendag. Ek het laat geslaap – tot 7 vm, en het goed gevoel. Daar was eintlik nie rede hoekom ek sleg moes voel nie.

Ek het my tot elke besig gehou met opruimwerk in my kamer en in die Hospitaal. Ek het sommer baie gedoen.

Chris-hulle het gisteraand toe 'n baie goeie kontak met Gough-hulle gehad. Dit het egter buite die amateurband gewerk, en het ons nie daar geluister nie. Ons reël nou van voor af 'n kontak vir oujaarsdagaand.

Na aandete het ek eers vir Henry gehelp om die kombuisvloer skoon te maak. Die tapyt wat ons gelê het beteken niks nie, en het groot bruinplekke ingehad. Die probleem was om die kleefmiddel af te kry.

Daarna het 'n paar van ons viskiter gaan help om sy pakkie te los – dit is om kosmiese strale te bepaal. Ongelukkig het die ballon na 40 minute gebars.

Die plan is om môre-oggend vroeg Bulkta toe te gaan, om nog skirel te gaan haal. Ons wil ook vroeg terugkom, want ek wil graag met Mennie gesels.

Oorgens niks besonders. Dit was weer liefliker weer buite – dog –10°C self.

'n Aangename nag nog, en geniet die res van die naweek.

Saterdag 27 Desember.

Ons het nie juis 'n dramatiese dag gehad nie. 'n Paar ouens is af Bukta toe om nog dieseldromme te gaan haal.

Ek het nie saam gegaan nie. Die middag het ek geluister of Hennie op frekwensie is, dog kon hom nie kry nie. Later - so 7 nm. het Rob hom gehoor, en toe 'n sked. vir 6 nm. môre-aand gereël.

Dit was weer pragtige sonskynweer buite.

Vanaand het ons eintlik 'n heel stil aand gehad. Ons het besluit om te fliek, en het toe weer na "Far Love or Money" gekyk.

Na dit het Schalk, Peter, Henny en ek 'n paar dop gedrink, en sommer net nonsens uit en gesels. Dit is nou natuurlik vroeg, ek is vaak, en gaan gou nag sê.

Sondag 28 Desember.

Vanmôre het ek vroeg opgestaan met die oog om ook Bukta toe te gaan. Daar was toe genoeg ouens, omdat Clive probleme met 'n whiskey gehad het. Peter, Pieter en Schalk is met die honde weg, en Clive en Rob is net hie later met Atheine.

Ek het toe maar die donkerkamer betrek, en het sommer 'n klomp s/w afdrukke gemaak. Hoofsaaklik van pikkewyne en die baai-ys.

Hennie was toe nie van-

Maandag 29 Desember 1969

PS 001 GROBLER SANAE
GESEENDE KERSFEES EN SOMAAR N BAIE VOORSPOEDIGE NUWEJAAR VIR JOU
EN ALMAL SAAM MET JOU X ONS ALMAL HIER DINK BAIE AAN JOU IN HIERDIE
TYD VERAL EK BAIE X LIEFDE EN VERLANGE GROETE

RINA EN AL DIE FAMILIE

... aktiewe

en ek lees ...

middag op frekwensie nie.
Ek het begin om vir my 'n QSL kaart te ontwerp, en daar kort nou nog net 'n paar pikkewyne op.
Harry het vandag verjaar, en in absolute kontras met verlede jaar se party, het ons eintlik niks gedoen nie. Ons het net so een of twee doppe gedrink, en maar rondgesit en gesels. O.a. het ons ook 'n lang gesels kontak met Chris-hulle gehad.
So-nie veel verder eintlik nie. Ek hoop julle het die naweek geniet, en dat jy 'n aangename werkweek voor die deur het.
Goeie nagrus.

Maandag 29 Desember 1969.
Ek het 'n goeie aktiewe en baie interessante dag gehad.
Vanmôre 9 vm. is Henry en ek eers Otterbukta toe om 'n blaasbalon te gaan haal, vir op ons pad na Sub-stasie. Die plan was om Pikkewynstasie (Pinguin) eers so 'n bietjie op te knap - veral die skag. Ons het toe net 'n stuk sak op paal bo-oor geplaas, en is daarvan.
Die weer was eintlik swak - die sigbaarheid - en ons is toe weg Sub-stasie toe. Na ons heelwat koers verander het, omdat ons eers twee Muskegbukta vasgery het, en lang vir die vallei vanuit die bukta was, het ons darem veilig daar aangekom. 'n Baie interessante ding het gebeur. Aan die O. kant van Muskegbukta het ons 'n ou met-instrument, tou en balle gekry. Ons het die instru-

ment opgetel, en pas laat per radio gehoor, het hul dit 4/11/69 opgestuur en 30 milli-bar daarmee gehaal.

Terwyl ek koffie gemaak het en die slaap-woonkamer - kombuis opgeruim het, het Henry die masjien aan die gang gekry na veel gesukkel. Dit is erg koud in die plek. Die masjien is 'n 1 sil. kolinder wat deur Volvo gemaak word, 250 V. gee teen 8.5 KWH. Toe het ons lekker elektriese krag gehad. Ons het die skoorsteen daarvoor opgemaak, en 'n ventilasie skoorsteen opgemaak en verleng.

Vanaf die hut-stasie kan ons ook robbe op die baai-ys sien.

Intussen het ons die UH7, lyg-radio aan die gang gekry, dog daar was fout, en omrede Rob se radio instruksies skort kon ons dit nie 100% aan die gang kry nie.

Met die masjien wat loop, en die ventilasie reg, is dit heel aangenaam.

Dinsdag 30 Des. 1969.

Ek het heel goed geslaap, selfs buite die slaapsak vir 'n lang ruk. Die gebou was baie warmer as die woonkwartiere op Sanae.

Na ontbyt is Henry en ek op ons ou spore terug Otterbukta toe, en het ons hul ys, die slee helpe vollaai. Henry en Rob - met al sy toetsapparaat is terug hut-stasie toe. Clive is met die vrag terug Sanae toe - Pieter, Rehabb, Peter

en ek het agtergebly om aan te gaan skiedromme uittrek. Ons het toe altesaam uitgetrek, nagenoeg 150. Met 3 sleë vol dromme is ons toe terug kamp toe.

Ek het so 'n bietjie na die amateurbande geluister, en 'n paar stasies gewerk. Rob het intussen sy stel reggekry, en ons het kontak met hulle gehad. Na hul daar opgeruim het, sal hul via Otterbukta terugkom kamp toe met hul slee vol skiet.

So – nou sit ek in die kombuis en skryf. Ek het daarom 'n brief vir jou ook getik.

Hoe nader die vertrek v/d R.S.A. kom, hoe meer kriewelrig raak ek. Ek sien ontsettend baie uit na al die pakkies, en die briewe.

Dit is nou wel jammer van die [?] somerekspedisie, dog is glad nie die ergste wat kan gebeur nie. Ek het die 19e laas 'n brief van jou gehad. Dit lyk my julle hou sommer lekker vaam vakansie!

Nou ja – tot môre dan lekker slaap!

Woensdag 31 Desember 1964.

So het nog 'n jaar tot 'n einde gekom. Eintlik baie gouer as wat ek verwag het.

Ek was vandag skiewie. Die weer was goed – windstil warm (selfs +1) dog weer bewolk. Die skiewiegat is nou al ontsettend groot en diep, en kan ons eintlik doen met 'n wind, sodat dit opwaai, en miskien ook die baaiys uit Otterbukta neem.

Dolf en Peter is vroeg vanmôre weg met die vrende, en het heel in ... waarskynlik ... afgegaan. Die weer het ongelukkig nie foto's toegelaat nie. Clive is toe later met Athene en 3 ander weg en het hy, op 20 na, al die dieseldromme vaat teruggebring.

Ek het agtergebly en al my skrywepligte gedoen.

Ons het 5 nm. met Hough en Marian geëet, en Nuwejaarswense gewissel met hul! Paul het toe vir ons die slegte nuus gegee dat die R.S.A. tot die 12e Jan. vertraag is.

Oliebol was ons kok, en ek skiewie (roosterbrood). Hy het vir elk ½ hoender gaargemaak, en die hele ete was regtig sommer baie lekker. Van 5 nm. het ons toe al bier begin drink. Ek het ons laaste 2 dos. uitgehaal.

Vanaf 11 nm het ons toe met Chris-hulle gesels tot 1:30 vm. Ons het twee bottels sjampanje in die Radio-kantoor gehad vir die nuwejaarsheildronk. Die een was die bot. K.W.V. wat ek verlede jaar by Paul gekry het. Ek verlang natuurlik baie na verlede jaar se party – dog het die meeste van hierdie een gemaak.

Goeie nag.

Donderdag 1 Jan 1970 (L.W.)

LIEFSTE ALPHIE
EK IS BAIE JAMMER DAT EK NIE VERLEDE WEEK GESKRYF HE
NIE MAAR WAS HEEL BESIG E E DEURMEKAAR MET DIE VAKANSIE DAE X EK
WAS BAIE BLY OM WEER JOU STEM TE HOOR MAAR HOEKOM SO DOWN X DIE
DUIWEL MAAK MY WEER ALLERHANDE DINGE WYS X EKSELF HET KERSDAG MAAR
TREURIG GEVOEL EN BAIE TERUG GEDINK X ONS ALMAL SÊ BAIE DANKIE
VIR PRAGTIGE BLOMME EN WAARDEER DIT REGTIG BAIE X VERDER HET ONS
HEEL NAWEEK BY DIE SEE GELÊ X DIE WIND HET VREESLIK GEWAAI MAAR DI
WATER WAS FANTASTIES X EK MIS JOU VREESLIK BAIE IN HIERDIE TYD X
JAANTJIE WAS SATERDAGOGGEND BY ONS MAAR EK WAS ONGELUKKIG BY DIE S
OF HY WEER SAL KOM HANG SEKER VAN O JOAN AF X HULLE BLY TOT DIE
TIENDE X HY WIL GLO GRAAG HÊ JY MOET OOS LONDEN TOE KOM X HYSELF
BLY NOG DAAR TOT JUNIE EN WIL DAN IN PRAKTYK GAAN X MÔRE PAK EK
JOU GOED X DAAR IS DRIE PAKKIES X EEN IS IN DIE KOELKAMER X AL DI
BELANGRIKSTE GOED IS IN DIE PAKKIE MET KAMERAS X BAIE GROETE VAN
JOU MA HULLE EN ONS KAMP SOMAAR BAIE LEKKER X AL MY LIEFDE EN NOG
SOMAAR HOPE VERLANGE

RINA

Wel, 1970 het sommer goed begin met 'n brief. Ek het vroeg opgestaan – 12:30 nm – en het toe eers my bad gaan neem. Ek het vir ouder omstandighede baie goed gevoel. 'n Effense hoofpyn, wat 2 tablette gou reggeruk het, en 'n groot nadors.

Jou boodskap was toe oor Joubert se program Sondag. Blykbaar 'n bietjie laat daar aangekom. In elk geval baie dankie daarvoor. Ek het dit baie waardeer.

Eintlik was ek baie passief vandag. Ek het darem 'n s/w. van my en Billie ontwikkel. Verder het ek die monsters van verlede maand uitgepak, en ook kos vir Henry se kookbeurt uitgehaal.

Ek het maar vroeg in die bed geklim, en nou so 2 ure teen kos! Ek is vaak, en wil vroeg opstaan môre-oggend.

Ons weer was dieselfde as gister.

Eintlik maar 'n stil dag, met min om te vertel. My --- kriewel natuurlik dat die R.S.A. moet begin ry. As ry eers uit weg is sal dit al klaar baie beter gaan.

Lekker naweek hoor en rustig slaap.

Vrydag 2 Jan 1970.

Dit was weer een van my passiewe dae. Omdat niks my gejaag het nie, het ek eers na 2 opgestaan.

Buite het dit so ligweg gereën. Teen die aand het dit gestop, en so effe opgetrek.

In jou brief skryf jy dat die „duiwel jou allerhande dinge wysmaak". Ek was so effe vies daaroor. Soveel selfs dat ek droom hoe jy my ring vir my teruggee – sommer kort ná ons

aankoms. Ek het ook al gedroom ek het 'n skimmel so groot soos 'n skoendoos gesien net om te wys my drome word gewoonlik nie bewaarheid nie.

In elk geval, ek het so 'n paar klein goedjies gedoen – o.a. Gordon se lyk met Schalk se hulp in die bondegang gesit.

Na ete het ek 'n paar afdrukke gemaak, en 'n bietjie gesels.

Henry is tans kok, en het begin om ons biblioteekboekie in te pak.

Die plan is om môre petroldromme by die bukta te gaan haal. Indien dit moontlik is wil Schalk en Peter met die honde afgaan, en dan sal ons in 'n sleeptog bukta afgaan.

So – eers weer goeie nag!

Saterdag 3 Jan. 1970

Met die laatslapery kon ek natuurlik gisteraand net nie slaap nie. Ek het begin om deur die Readers Digest World Book of Travel te blaai, en het so halfweg van 6 vm. tot 8:15 geslaap, toe Clive my kom roep het.

Die weer was bewolk en is Clive (Athene), Pieter, Peter, Schalk, Johan en ek (Desiree) toe bukta toe om die laaste 20 (van 400) dieseldromme te gaan haal, en petrol. Die dieseldromme was almal wat gate ingeruk is met die uittrekking, en het sal direk in die basis gepomp word.

Ons het toe die ander 3 sleë vol petrol gelaai, o.a. een (sic) vol vliegtuigbrandstof. Die bukta lyk nog dieselfde, met weer 'n nuwe groot ou ysberg aan die verbygaan (Oos) in die verte. Die ou ysberge is effe meer blou, en het kraakwit gate in soos stukke al afgebreek het.

Gelukkig was die petroldromme darem nie so erg diep soos die diesel. Die totale diepte is dieselfde, dog die petroldromme is hoër. Ons het toe al 100 uitgegrawe, en nou is daar nog 45 wat gaan haal moet word.

Ons was tot 2:30 nm. klaar met aflaai, en het ek gaan luister of ek vir Hennie kan hoor. Hy was nie op frekwensie nie, en het ek toe ete maar voor die radio geëet, en so 'n paar ouens gewerk. O.a. ZS1X - Danie de Waal van Blouberg wie se seun 3e ~~offisier~~ (ingenieur) op die R.S.A. is. Hy het toe ons addisionele bestellings geneem vir Wijntjies.

Na ete het ons gefliek. Dehalk, Piete, Pete en ek - met Clive, Rob, Henny en Barry so nou en dan vir 'n rukkie by. Ons het na 'n interessante paar dokumentêre films gekyk, en toe Zorba.

Tans is ek pootuit. Die plan is om môre i.g.v. mooiweer die ander dromme te gaan haal, of selfs met die hande afgaan. So - lekker slaap.

Sondag 4 Jan. 1970.

Dit voel vir my natuurlik glad nie na 'n nuwe jaar nie, omdat hier geen veranderinge van weer of omgewing is nie. Om te besef dit is 1970 sal seker eers in die Rep. tot werklikheid kom.

Ek het na 12 opgestaan - en die wind het tot amper 20 knope gewaai, met lae jaagmeeue. So - van die buitelugplanne het niks gekom nie.

Ek het - na 'n middagontbyt - toe gou 2 kleurfilms ontwikkel, en daarna 'n ruk na die radio geluister - die bande was stil, en Hennie was ook nie op nie.

Toe het ek weer twee kleurfilms ontwikkel,

en het al die chemikalieë toe weggegooi, omdat hul beskikbare verbruik verby is. Peter het ook so "genag" dat Rob en ek moet klaarmaak omdat hy en tabak wil ontwikkel, dat ek bly is en nao om te kan klaarmaak.

Vlak het ek Henni en oom Herman toe gehoor - en het sommer lekker geëet tot 7 nm. met ete. Ek het toe ook 'n skedule vir môre-aand gereël.

Na ete het ek eers gou die natte binte gaan smelt in Peter se absolute hut wat ek van hom gebruik het.

Henry het ook toe vinnis die program gegee van alles wat nog gedoen moet word voor die skip kom. Dit is 'n klomp goed - en ons sal moet vinger trek. Ons moet almal soggens van 9 tot 1:30 som werk - 2 uur ete en dan jou eie program die namiddag. Ek hoop die weer laat toe dat ons alles gedoen sal kan kry. Dit sal ons ook lekker besig hou. Vir my verał - want ek raak ongeduldig dat die R.S.A. moet kom. Ek kom ook agter dat as ek werk ek beter slaap. M.a.w. te nie vir lang nukke nakkes nie - dog is moeg.

Naderhand het Henry, Pieter, Rob en ek begin praat oor vis, kreef en in besonder allerhande tipe vrugte. By groentes kan ons nie eers kom nie. Vars vrugte gaan heerlik wees, dit kan ek jou verseker.

Ek het vir my sla en jou elk 'n brief getik ook.

Ongins - nie veel. Dit is al 2 vm. en as ek so vroeg moet opstaan, sal ek 'n plan moet maak. Eintlik sal dit lekker wees om nou by jou te wees. Dat moet inthou.

Lekker slaap, en lekker werk.

Maandag 5 Jan 1970. Ek verlang vanaand nogal baie na jou.

Ek het weer geslaap tot 1:30 nm. Ek het ook die eienaardigste drome gehad. O.a. dat ek my been gebreek het, en op 'n redelike deftige hospitaalpraktyk was – alles erg deurmekaar. Later moes ek gaan fliek – alleen en met die afbeen – en het toe nie geld gehad nie. Toe droom ek weer dat ek 'n swamvelsiekte het.

Origens was ek betreklik besig en is dit nou alweer amper 3 vm.

Die wind het so 20 knope vandag gewaai, met jagsneeu –3°C en bewolk. Van na 12 vanaand het die son geskyn, en die wind ± gaan lê. Die plan is nou om môre Bukta toe te gaan om die ekstra petrol te gaan haal. Ons sal ook met die honde gaan, in slee-Bukta afgaan, en die geweer saamneem om 'n rob of twee vir die honde te skiet. Ek hoop regtig dat die weer gaan hou.

Vanmiddag het ek al die veldpartytjie benodighede uitgesoek en eenkant gesit. Ek het ook begin om ons dokumentêre films te pak, en het die spuite gesteriliseer.

Van 6 tot 7 het ek sommer lekker met Hennie en oom Herman bedrie (soos Hennie sê)

Na aandete het die maandelikse monsters geneem, en nog films verpak. Ons moet 'n 5-rondtige spaklys o.a. maak.

Toe so 'n bietjie gesels, en later die bloed verwerk.

Ek het my kop toe gaan was, wat na slegs 5 dae darem te olierig geword het.

Schalk en Peter het vandag 12 films (kleur) ontwikkel, wat 'n rekord is.

Origens sien ek net baie uit na jou brief. Ek hoop my Ma-hulle het veilig teruggekom.

Dis lekker as 'n mens besig is — die tyd gaan ontsettend vinnig verby. Ek wonder hoe dit nou vir jou voel dat jy weer terug in die woonstel is. Om by my Ma-hulle te gebly het, was vir jou seker net so goed soos 'n vakansie! Die tyd het seker vir jou ook gevlieg.

Lekker slaap!

Dinsdag 6 Jan. 1969.

Van ons planne bukta toe het niks gekom nie. Die wind het 20+ knope gewaai, en Clive moes eers die sleewa met beskadigde dieseldromme in die basis tap.

Gelukkig het ek toe laat opgestaan, en het my 1e kookdag van hopelik my laaste 4 dag kookbeurt begin.

Vir middagkoffie het ek suurlemoentert gemaak en aandete 'n bredie, tamatie/uie op roosterbrood, fyn aartappels en geblikte pere met vla as nagereg. Ook 'n vrugtedrankie - 'n resep van die Diedericks.

Ek het vanmiddag 'n hele ruk lank met die Dr. op Halley-baai gesels oor werke in Engeland. Ons het net begin gesels oor ons verskillende basis hospitale toe Dries ongelukkig die stel vir 'n amptelike skedule moes gebruik.

Na ete sien vir Clive ferm om vir ons botterkoek te bak, en 'n ruk lank gesels.

Ek begin tans met 'n boek van E. Hemingway - ~~29 short~~ The first 49 Stories.

Vanaand voel ek werklik frustreerd. Eintlik die lewe hier werklik. Ek hoop nie dit

wind erger hoe nader die terugvaart kom nie.

Ongeus niks besonders nie sê ek maar goeie nag.

Clive en Danny het die diesel ingepomp, so die plan is om môre Bukta toe te gaan.

Woensdag 7 Jan 1969

Dis nou 9 nm., ek lê in die bed en kan my oë nie meer oophou nie. Ek glo nie ek gaan nou verder skryf - sal dit môre doen, en hoop daar is 'n brief van jou. Verlang vreeslik baie! Regtig.

Dis nou 2:15 vm. Ek het 12 uur wakker geword en gevoel asof ek heeltemal uitgeslaap is en gedink dit is oggend. Ek het toe opgestaan, vir my lang toonnaels geknip, badkamer toe gegaan, gerook en 'n stywe dop gedrink om nou weer te probeer slaap.

Die wind het vanmôre so 20 knope gewaai, en is Clive, Peter, Schalk, Pieter, Johan, ek met die 2 muskeps af Bukta toe en het die laaste petroldromme gelaai. Ons het die rooie ook met die dieseldromme gemerk.

Ons het afgegaan Bukta toe (met die .303 om robbe te skiet) en was verbaas om te sien dat nog net 1/3 of Bukta vol laai-ys is. Teen die rand is daar ook 'n skeur soos daardie deel al begin skuif het. So - die R.S.A. kan dalk weer Otterbukta gebruik.

Ons was 1:30 terug. Intussen het die wind erger begin waai, en was daar redelik jagsneeu.

Ek het toe aangegaan met my koskokery. Varkvleis, gebraaide aartappels, rys, ertjies en

asperse souffle. (Mev. Dawie de Villiers se gunsteling resep) Nagereg was tapioka poeding (my gunsteling resep).
Vanmôre is ons brief aan Joubert uit waarin o.a. staan: "Die 800 dromme diesel en 100 petrol is al by die basis, en ons volgende hoofpyn is die tenks" (kos waarvan ons jou al geskryf het). O.a. ook van ons 6 bier weddenskappe oor die aankoms v.d. skip en dat dit interessant is "omdat ons van geen amptelike vertrekdatum weet nie".

Met die uitgestelde aflewering goed wat uit is het Henry 2 ure gesit om voorraadopname v.d. brandstof en waar al die dromme is, asook oor die tikbewerking stand. Dit was 6:45 vm.
9 vm. nou het ons weet met verwysing na nuusbrief aan Radio R.S.A. - hoekom die Dept. nie in kennis gestel is oor die probleme met die vervoer v.d. brandstof en oor tikbewerking stand!!!!!!! Eh wa jou??? Vlaas dat hul vir jou amptelik laat weet wanneer die R.S.A. vertrek sodat jy vir jou mense kan laat weet i.v.m. pakkies ens. Dit grief ons en almal.
Chris-Kulle het vanaand hul amptelike groepe gehad, en daar Dirk Nettelting (van Geologie opname) hy het gewoonlik al die nuus waarin hul belangstel. O.a. die volgende vandag - die R.S.A. is nog in die droogdokke met 36 passassiers (die Belge ook) aan boord (Dit interesseer Barry hoe waar almal slaap). Die meeste goed is al gelaai, en sy mag al die 9e vertrek. Die 2 vliegtuie moet nog gelaai word, en het sommige probleme om beide op die tuhelik te kry. Met kulle groepe is ons almal gewoonlik

die ene ore, en is sommer die se kontak by om te hoor wat aangaan.

Ander nuus is dat die poswese die sein ZS1RSA permanent aan die skip toegeken is. Dit verheug ons almal – Rob, Chris, Perry en die in besonder.

Ongeveer – verlang.
Lekker slaap.

('n Jaar gelede is ons uit die kaap – voel nie so lank)

Donderdag 8 Jan. 1970.

Vanaand slaap ek alweer in Sub-stasie, en wel op die vloer.

Ek het laterig opgestaan, en toe begin met die kombuis aan die kant te maak, en om voorbereidings te tref vir die koskokery.

Ons het na Joubert se program geluister. Baie dankie vir jou boodskap; daar was ook een van my sta.

Henry en Rob is vanmôre met die Devies Sub-Stasie toe. Hul het onderdele vir die N.H.F. stel geneem, asook die .303 om 'n paar robbe te skiet. Rob het 'n telefoon van die stel in die kombuis gemonteer, en ons praat nou sommer lekker na Sub-Stasie vanuit die kombuis.

Na ete (Bobotie, rys, boerskluitjies) het hul ons laat weet dat hul 2 robbe in Tottan geskiet het op die baai-ys.

Schalk, Peter, Johan en ek is toe 9 nm. met die honde weg, en het 11 nm. by Sub-Stasie aangekom.

Met Henry by het ons toe afgery tot op die baai-ys. Rob het agtergebly om die antenna te herstel. Daar is van die eerste deel van die baai-ys twee redelike breë krake,

waarvoor die slee maklik gaan. Nog die honde trap maklik deur die brug.

Die baai-ys lyk net soos verlede keer. Blinkglad en amper blou-ys. Dit is 'n groot brokke en naar bul aanmekaar. Nes is bul weer rasgeys.

Die baai-ys is seker so 2½ kilometer in, met 'n klomp ysberge diepervin, laie was in die baaiys, dog i grote in op mate.

Die robbe – 'n groot bul, i kleiner koei en 'n kleintjie het redelik naby mekaar so 1½ kilometer ver gelê. Net naar die honde op en meer los ys (wat al beweeg het en 'n drukrif mee skei) bymekaar aansluit het die 3 gelê. Die bul het anderkant die kraak gelê, en moes ons hom eers nader sleep.

Ons het die 3 robbe op die slee gelaai, Pete en Schalk het dit geneem tot by die punt, en een tot bo geneem. Ons het hul ons halfpad weer ontmoet, en ons het met die honde gestop naar die son 'n blink streep op die grond weerkaats het, en toe 'n klomp fotos eers geneem – toe het met die whiskey teruggegaan basis toe. Dit was amper 5 uur om na ons toe weer klaar ge-eet het en nou tot rusie kom. Die plek is netjies skoon, en sommer lekker warm met die masjien aan. Dit is ook lekker hig.

So – lekker slaap.

Vrydag 9 Januarie 1970.

Vanaand is ek werklik moeg – na 'n redelike aktiewe dag.

Vanmôre net na 12 is ons (Henry, Pete, Schalk, Johan en ek) met die honde weg. Ons het eers

LIEFSTE ALPHI

BAIE DANKIE VIR JOU BRIEF. EK HET GISTER JOU PAKKIES GAAN INHANDIG. FUNK WAS BAIE GAAF EN EK EN LEONORA H HET EERS BIETJIE BY HOM GEKUIER. ONTHOU DAAR IS EEN PAKKIE IN DIE KOELKAMER EN HY HET OOK ,N BRIEF VIR JOU BY HOM. JOU MA - HULLE HET GESKRYF NADAT DIE PAKKIES AL OPGEMAAK WAS. DIE SKIP VERTREK VANJAAR NOG LATER. HY SÊ SEKER EERS SATERDAG DIE TIENDE. EK HET GISTER NIE LEKKER VEVOEL TOE EK WEER OP DIE RSA WAS NIE. HET MAAR BAIE TERUGGEDINK. HOE KORTER DIE TYD RAAK HOE MEER VERLANG EK. JOU MA- HULLE IS SONDAG TERUG EN HET BAIE VOORSPOEDIG GERY. EK HET ,N BRIEF INGESLUIT VAN ELNA AAN JOU MA. HULLE IS NOU OP PHALABORWA. MY VRIENDE VAN BELGIE KUIER NOU HIER EN HULLE WIL BAIE GRAAG HÊ ONS MOET OORKOM. HY IS IN IMMIGRASIE IN BRUSSELS. AS JY NIE REGKOM IN ENGELAND NIE KAN HY JOU MOONTLIK HELP IN BELGIE. AS JY SO VOEL DINK EK ONS MOET DIT NOU AANPAK TERWYL NIKS ONS HIER BIND NIE.

AL MY LIEFDE EN NOU SOMMER BAIE VERLANGE

RINA

by" is indrukwekkend! – smal, vol baai-ys, erg getande kruin, ~~~ reg steil afgeskuurde ~~~ hoë randte. Seker so 150 na 200 vt. Ons is toe verby die ~~~

~~~ deur op rallie – oor 'n groot krewas – na die ysbeet tussen Polarsirkel en Polarbjørn. Die oppv. was maar sleg, 'n smaakie bros 2" boonste kors, en daar bloog-ys vol krake. Ons was voor stat by die punt en kon terugkyk na Polarsirkel en Totten, en oor die baai na Blaskimen se punt. Die hele baai is verys, met 'n groot klomp ysberge in. Dit was regtig 'n pragtige gesig, met 'n heel klomp robbe, asook 'n paar pikkewyne.

Dit was pragtige sonskynweer, met 'n effense koel windjie. Dit was darem nie te koud nie.

Ons het so 6:30 nm. by die basis aangekom – en ek was baie bly oor jou brief. Larry het intussen my kookbeurt gedoen – so ek skuld hom nou een kookdag.

Die honde het pragtig gewerk, dog hul was maar moeg toe ons hier aangekom het.

Dit was 'n swaar rag vir hul, en het het gewukkel op daardie bros ys. Die res van die oppervlakte was eintlik goed.

Ek het vir lang ente agter die slee gehardloop, om hul blaaskans te gee, en is nou effe styf.

Ons het so 'n bietjie van Schalk se potente aartappelwyn gedrink, wat my nog meer vaak maak.

Schalk het my S/W film ontwikkel, en is daar eintlik niks dramaties by nie.

Lekker nagrus, en geniet jou naweek.
~~~

Saterdag 10 Januarie 1970.

Belangrikste nuus natuurlik vandag is dat die R.S.A. vertrek het. Presies hoe laat weet ons nie - dog belangrikste is dat sy op pad is.

Ek het vanaand Chris se sked met sy pa namens hom gedoen, en ook hy het bevestig dat die R.S.A. weg is.

Vanmôre 8 vm. is ek uit die bed (met 'n hele nadors). Na ontbyt is Kob en ek uit, en het ons begin om 2 robbe af te slag. Na tee het ek toe gaan help met die algemene werk. Die ouens het toe al 2 Stologgans, 'n hidro-hive vark (wat op die muskeg pad en 'n O2 silinder uitgegrawe. 'n Klomp van ons het toe die vliegtuigbrandstof gaan uitgrawe (25 dromme) wat al sedert begin van die jaar op een plek lê. Dit was so diep, dat as ek in die gat staan, dit my tot my ken vat (die sneeu.)

Na middagete het Kob en ek toe die robbe gaan klaar afslag, en het ek hul vol tafelsout gaan gooi.

Met die kettie en 'n klomp klippe het ek na die skuas geskiet, dog net 4x 'n vlerk getref en geen skade verrig nie. Het ook al 'n klomp van die robblees opgevreet. Ek kon 16 tel. Ek het ook die grootste rob in stukke opgekap.

Dit was stil buite vandag, en meeste van die tyd bewolk. Vanmiddag het daar ook 'n digte mis oor die basis gehang.

Die robbe is aan die sonkant lekker warm, en kan ek die hele tyd kaal-

hande werk. Maak nuk so effe na vis, en die vet (se 2 dm. dik) is sommer so tgresig, dog nie te onwelriekend nie.

Omdat ek my skrywebeurt a.g.v. my kookbeurt gemis het, het Barry gesê dat ek kan bad, en na die werking het ek dit geniet.

Vanaand het ons na The Lost Lady in Or in Distress gekyk, en die R.S.A. se vertrek gevier. Dit is nou al 5 nm. na Henry en ek in lang rok in die kombuis staan en gesels het.

Wel – met angstige belangstelling sal ons nou die R.S.A. se vordering dophou, en hoop dat sy veilig en gou hier kom.

Ek het 'n voorspellingsbord gemaak, waar elke ou 6 biere moet betaal vir 'n raaiskoot en die wenner kry alles. Johan sê 22e en Henry 3e Feb. So verkies die 2 uiterstes, met die res tussen daardie 2 datums. Ek en Koos sê die 25e.

Aangename nagrus.

Sondag 11 Januarie 1970.

Na gisteraand se sessie het ek 1 uur nm. wakker geword, en 'n ruk later opgestaan. 'n Effe nadors, dog origens voel ek goed. Ek het na aandete 'n baie erge hoofpyn ontwikkel, dog voel nou na 2 tablette uitstekend.

Namiddag het ek toe die kleinste rol robbe gaan afslag en gesout.

Ek het toe bietjie ~~met~~ oor die amateur radio gaan luister – en met Danie gesels (ZS1X) wie se seun 3e ingenieur op die R.S.A. is. Hy het toe vertel dat sy 6 nm (S.A.S.T.) slaan wegig, en

beskryf hoe sy gelaai is. Ons het dit almal baie interessant gevind.

Die weer is goed - geen wind - 3°C en met ptye bewolk.

Rehalk en Peter is met die honde slee-tog bakta toe vanmôre 9 vm, en het 4 nm. teruggekeer. Hul het op die baaijs gaan loop na 'n redelik verbrokkelde ysberg en heelwat foto's geneem.

Na aandete het ek 'n vraam gaan maak vir my robbel (die kleinste) en dit in die dieselkamer gaan uit.

Ek sit nou i.d. kombuis en skryf. Later wil ek nog gaan voel hoe vêr Elsa en Dino swanger is, en my weeklikse briewe tik. As, as ek gaan slaap sal ek miskien iets meer skryf.

Eintlik kan ek net sê dat ek regtig baie verlang vanaand. Ek raak nou baie ongeduldig dat die R.S.A. die pos en pakkies moet bring.

Ek het die briewe getik, bietjie op die amateur-bande rondgeluister en sal maar probeer slaap. Ons gaan nou elke oggend 8:30 vm tot 1:30 nm. algemene werk doen.

Ek was toe buite - dog kan nie verseker sê dat die twee teewe dragtig is nie. Vermeulnie het 'n lelike bytwond net 1. van sy 1. oog.

Lekker werk die week - en soet slaap.

Maandag 12 Jan. 1970.

LIEFSTE ALPHIE

BAIE DANKIE VIR JOU TWEEDE BRIEF HIERDIE WEEK X EK HET WEER VIR JOU BOODSKAPPE GESTUUR X DIE BELGE HET HIER AANGEKOM EN HULLE BRING WEER TWEE VLIEGTUIE SAAM X AS DIE BOOT SO LAAT VERTREK SAL JULLE SEKER EERS OMTRENT DIE HELFTE MAART TERUGKOM X IN DAARDIE GEVAL SAL DIE PAASNAWEEK IN ONS VERLOF VAL EN WORD MY VAKANSIE LANGER X SOVER EK WEET SOU LEONORA NOOIT WEGGEGAAN HET NIE X EK TEL ALWEER DIE DAE AF NA DIE VYFTIENDE EN SIEN BAIE UIT NA DIE OPROEP X AL MY LIEFDE EN SOMAAR HOPE VERLANGE

RINA